



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## FEBRUARIE/MAART 2016

## MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 9 bladsye.**

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 1.1.1 C

1.1.2 C

1.1.3 A

1.1.4 A

1.1.5 B

1.1.6 D

1.1.7 C

1.1.8 B

1.1.9 C

1.1.10 C (10 x 1) (10)

1.2 1.2.1 Karma

- Dit is 'n Hindoe-oortuiging/geloof dat elke aksie 'n gevolg het wat slegs in 'n latere reïnkarnasie kan opduik.
- Dit impliseer ook die gevolge van aksies.
- Dit leer dat 'n persoon se aksies in die verlede vir sy/haar huidige omstandighede verantwoordelik is.

Nirvana

- Dit is 'n staat van perfekte geluk en vrede in Boeddhisme.
- Dit is die staat waarin begryp word dat daar geen individuele self of siel is nie.

**LET WEL:** *Enige TWEE relevante antwoorde vir elke begrip moet aanvaar word.* (2 x 2) (4)

1.2.2 Monoteïsties/Monoteïsme (1)

1.2.3

- Sinkretisme verwys na twee verskillende geloofstelsels wat gekombineer word om 'n nuwe een te vorm.
- Voorbeeld: Afrika Geïnisieerde Kerke, Sikhisme (2 x 1) (2)

1.2.4

- Zen-beoefenaars mediteer om verligting te bereik.
- 'n Belangrike oortuiging/geloof van Zen-Boeddhisme is dat 'n lyn van gesag na die Boeddha teruggaan.
- Zen-tradisie beklemtoon direkte kommunikasie en nie skrifstudie of die studie van godsdienstige tekste nie. (2 x 1) (2)

1.2.5 Die Bhagavad Gita is die gewildste heilige boek in Hindoeïsme. (1)

1.3 1.3.1 Onwaar: 'Maternaal' beteken om aan die moeder se kant van die familie verwant te wees./Paternaal beteken om aan die vader se kant verwant te wees.

1.3.2 Onwaar: Mantra is 'n vers, lettergreep of frase wat volgens geloof goddelike oorsprong het en wat in verskillende godsdienste in rituele of meditasie gebruik word.

1.3.3 Waar

1.3.4 Onwaar: Die ideaal in Theravada-Boeddhisme is dat die individu 'n lewe van meditasie sal leef om sodoende verlig te word.

1.3.5 Onwaar: Doktrines verwys na die gelowe wat 'n sentrale verwysingsraamwerk vir 'n godsdiens verskaf. (5 x 2) (10)

1.4 1.4.1 Voorvader

1.4.2 Rome

1.4.3 Leierskap

1.4.4 Hindoeïsme

1.4.5 Yin; Yang (5 x 1) (5)

1.5 1.5.1 B

1.5.2 D

1.5.3 A

1.5.4 E

1.5.5 G (5 x 1) (5)

1.6 1.6.1 Judaïsme
Die ander drie is die hoofvertakkings van die Christelike godsdiens.
Judaïsme is 'n Midde-Oosterse godsdiens.

1.6.2 Die Baha'i-geloof
Dit is 'n Midde-Oosterse godsdiens.
Die ander vier is Oosterse godsdienste.

1.6.3 Sufisme
Die ander is Hindoe-skole. Soefisme is die mistieke dimensie van Islam.

1.6.4 Kitab-i-Aqdas
Dit is die heilige teks van die Baha'i-geloof.
Die ander is tekste van Judaïsme.

1.6.5 Mitzvot
Dit is die 613 reëls wat deur Jode nagekom word.
Die ander is heilige tekste. (5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

### VRAAG 2

**LET WEL: In hierdie afdeling stel elke kolpunt TWEE punte voor.**

2.1

2.1.1
- Bevat dikwels historiese en metaforiese materiaal.
- Mites is nie feitelik nie, maar word gebruik om spirituele waarhede oor te dra.
- Dit onthul die diepste waarhede oor die skepping, lewe en dood. (4)

2.1.2
- Dit verwys na wat volgens die volgelinge waar is.
- Dit vorm die fondasie wat mense saamsnoer tot 'n gemeenskaplike doel en help om 'n gedeelde identiteit te skep.
- Oortuigings/Gelowe beteken 'n ferm oortuigdheid, bv. volgens die Joodse geloof is daar net een God wat Jehova genoem word.
- Dit is ook die aanvaarding van 'n ding, feit, stelling of lering. (4)

2.1.3
- Die konsep 'dogma' verwys na die leringe wat van mense verwag word om sonder twyfel te aanvaar.
- Dit beteken 'n beginsel of stelsel oortuigings/gelowe, veral dié wat deur 'n kollektiewe godsdienstige gesag neergelê is.
- 'n Dogma word deur die kollektiewe godsdienstige gesag ingestel, soos gegrond in goddelike inspirasie. (4)

2.1.4
- In godsdiens verwys die term na familielede wat oorlede is, maar steeds onthou word.
- Hulle word as boodskappers van die Skepper beskou.
- Die verering van die voorvaders kom algemeen in Afrika Tradisionele Godsdiens voor.
- Daar word ook geglo dat hulle die lewendes kan lei en beskerm. (4)

2.1.5
- Dit verwys na die hergeboorte van die siel in 'n nuwe liggaam.
- Dit is 'n sentrale oortuiging/geloof in Hindoeïsme.
- Dit leer dat die lewe siklies is, soos deur die 'wiel van die lewe' voorgestel word.
- Dit beklemtoon die 'oorsaak en gevolg'-verhouding tussen ons huidige aksies en die gehalte van ons lewe in die toekoms. (4)

2.2

**VOORBEELD 1: Christendom**
- Skriflesing en gebed in die gesin/familie: 'n Lering dat die gesin/familie wat saam bid, bymekaar sal bly.
- Die lering dat die kerk by die huis as 'n eenheid begin en dan uitbrei na die gemeenskap van gelowiges, wat die groter familie word.
- Die Christelike godsdiens leer naasteliefde, wat eenheid in die gemeenskap bevorder.
- Die lering dat elke mens na die beeld van God geskape is, bevestig die eenheid van die mensdom as die mense van God.
- Die Eerste Gebod beklemtoon liefde vir God. Dit laat mense voel dat hulle met God verenig is.

- Die Christelike godsdiens leer dat mens vir die armes moet gee en met hulle moet deel; dit bevorder eenheid in die gemeenskap.
- Die lering dat daar na die weduwees en weeskinders omgesien moet word, bevorder ook eenheid in die gemeenskap.

**VOORBEELD 2: Afrika Tradisionele Godsdiens**

- Die verering van die voorvaders lei die gelowige na eenheid met die Opperwese.
- Dit is omdat die voorvaders as tussengangers tussen die lewendes en God beskou word.
- Die beginsel van 'ubuntu' verenig die gemeenskap.
- Dit beteken dan iemand net 'n mens is deur ander te dien.
- Dit leer kollektiewe verantwoordelikheid.
- 'n Afrikagemeenskap het gemeenskaplike besit van grond en toegang tot water.
- Op hierdie manier leer ubuntu eenheid.
- Die lering van 'ilima' is nog 'n voorbeeld van hoe Afrika Tradisionele Godsdiens eenheid skep.
- Mense in nood word deur ander gemeenskapslede gehelp as 'n manier van onvoorwaardelike bystand.
- Byvoorbeeld, 'n boer met 'n oorvloed landbouprodukte sal 'n gedeelte daarvan vir diegene in nood gee. (10)

2.3

- Hulle glo in die profete.
- Hulle glo in die Hemel en hel.
- Hulle glo in die Oordeelsdag.
- Hulle is streng monoteïsties.
- Hulle geskrifte is goddelik onthul.
- Hulle glo in die bestaan van engele.
- Hulle glo in 'n vergewensgesinde God.

**LET WEL:** *Enige ander unieke kenmerk van die Abrahamitiese gelowe moet aanvaar word.* (10)

2.4

- Christendom en Judaïsme: Jy moet naaste liefhê soos jouself.
- Christendom: Hy het My gestuur om goeie nuus aan die armes te bring, om die vryheid van gevangenes aan te kondig en om die onderdruktes vry te laat.
- Christendom: Doen aan ander wat jy aan jouself gedoen wil hê.
- Boeddhisme: Jy mag nie moord pleeg of veroorsaak dat moord gepleeg word nie.
- Boeddhisme: Lewe is kosbaar vir almal.
- Boeddhisme: Jy moet almal liefhê.
- Hindoeïsme: Die begrip 'ahimsa' beteken om nooit leed te doen nie, selfs nie aan diegene wat van jou verskil nie.
- Hindoeïsme: Hindoeïsme erken dat daar verskillende maniere is om Brahman te aanbid.
- Islam: Daar is geen dwang in Islam nie.
- Islam: Moenie die gelowe van ander godsdienste verkleineer nie, anders kan hulle, uit onkunde, jou godsdiens verkleineer.

**LET WEL:** *Die kandidaat mag relevante voorbeelde uit enige aantal godsdienste gebruik. Die kandidaat mag egter nie punte ontvang indien die lering nie duidelik met 'n spesifieke godsdiens verbind word nie.* (10)

**[50]**

**VRAAG 3**

3.1
- Hulle wou publisiteit vir die kerk kry.
- Hulle het probeer om hulle lidmaatgetalle deur advertering te verhoog.
- Mense word beïnvloed deur 'wonderwerke'.
- Die kerk sou finansieel bevoordeel word. (6)

3.2 **Ja**
- Die FPR het gesê die video moet van die Internet verwyder word, omdat dit ongeklassifiseerd is.
- Die video bevat skadelike aksies wat nageaap kan word.
- Die video was nie geskik vir kinders jonger as 13 jaar nie.
- Die video kon tot die dood lei as iemand petrol drink.

**Nee**
- Die video wys die krag van godsdiens.
- Die video kan tot baie mense se bekering bydra.
- Die mense in die video is op geen manier leed aangedoen nie.
- Daar is baie ander video's op YouTube wat onvanpas is en nie verwyder word nie.
- Baie godsdienstiges glo dat wonderwerke 'n bewys van God se bestaan is. (6)

3.3
- Godsdienste moet kennis dra van hoe om media te gebruik en ook die beperkings daarvan.
- Godsdienste moet proaktief wees en hulle standpunte in die media verduidelik.
- Godsdienste moet ook die media se verantwoordelikheid teenoor gemeenskappe verstaan.
- Godsdienstige organisasies moet hulle lede leer hoe om die media te hanteer.
- Godsdienstige organisasies moet mediakenners nader vir advies.
- Die media moet kennis en begrip van verskillende godsdienste hê voordat daar oor godsdienstige sake berig word.
- Die media het 'n verantwoordelikheid om die inligting op 'n onpartydige manier aan te bied.
- Omdat artikels deur individue met persoonlike opinies geskryf word, kan die opinies die lesers ten opsigte van belangrike sake beïnvloed.
- Die media moet versigtig wees om nie kommentaar en stellings te maak wat veroordelend voorkom rakende godsdienstige kwessies nie.
- Konstitusionele regte maak voorsiening vir regverdige dekking van godsdienstige kwessies.

**LET WEL:** *Kandidate moet punte ontvang vir geldige antwoorde.* (12)

3.4
- Die ideologie van die redakteur.
- Finansiële implikasies.
- Skep sensasie.
- Beïnvloed of verander die publiek se opinie.
- Vooroordeel teenoor godsdienste in die algemeen of 'n spesifieke godsdiens.
- Lig die publiek oor godsdienstige kwessies in.
- Propageer 'n godsdiens of godsdienstige interpretasie.

**LET WEL:** *Kandidate moet punte ontvang vir geldige antwoorde.* (10)

3.5
- Dit beteken dat elke persoon vry moet wees om sy/haar leefstyl te kies.
- Dit beteken ook dat elkeen vry moet wees om enige siening van sy/haar keuse te hê, solank dit nie ander mense benadeel nie.
- Mense wat aan 'n godsdienstige gemeenskap behoort, het die reg om hulle godsdiens te beoefen en om godsdienstige assosiasie met ander organe van die samelewing te handhaaf.
- Dit is 'n fundamentele reg wat by die Verenigde Nasies se Verklaring van Menseregte ingesluit is. (6)

3.6 **VOORBEELD 1: Hindoeïsme**
- Die wet van karma verwys na die gevolge van aksies of dade.
- Dit leer dat 'n persoon se aksies/dade in die verlede verantwoordelik is vir sy/haar huidige staat.
- Elke persoon is verantwoordelik vir sy of haar eie toekoms en kan dit verander deur berou/inkeer en goeie dade.
- Hindoes glo dat mense verskil in hulle vlak van spirituele verligting en is dus meer verdraagsaam teenoor ander godsdienste.
- Hindoes glo dat elke geloofstelsel, maak nie saak wat die inhoud is nie, as 'n minderwaardige weergawe van Hindoeïsme beskou kan word.

**VOORBEELD 2: Judaïsme**
- Vir die Joodse gelowiges is dit belangriker om te doen wat God wil hê hulle moet doen as om in God te glo.
- Die Jode druk hulle geloof uit deur wat hulle doen, asook deur die Tora, wat God se Wet is.
- Die Tora sluit 'n stelsel van wette vir nie-Jode in, wat as die sewe Noagitiese Wette bekend staan wat die Joodse gelowiges in staat stel om verdraagsaam teenoor mense van ander godsdienste te wees.
- 'n Belangrike deel van 'n Jood se lewe is om ander wat in nood is, te help.
- Die versameling wette en reëls wat oor alle aspekte van 'n Jood se lewe handel, word die Mitzvot genoem.
- Volgens Judaïsme het mense die vermoë om beide goed en sleg te wees en is God bewus van die mensdom se beperkinge en swakhede. God sal hulle dus vergewe. (10)

**[50]**

## VRAAG 4

4.1 **Christendom**
- Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.
- Dit beteken dat mens ander mense se sienings moet respekteer/die probleem deur iemand anders se oë moet beskou.
- Empatie dra grootliks by tot konflikoplossing.

**Boeddhisme**
- Alles wat 'n persoon doen, moet goed wees.
- Regte aksie en regte denke: klem op goeie dade sal konflik voorkom omdat mens dan nie ander mense te na sal kom nie.

**Islam**
- Indien daar konflik tussen twee groepe gelowiges is, moet daar bemiddeling plaasvind om vrede te bring.
- Vergifnis is baie beter as wraak.

**ATG**
- Die beginsel van 'ubuntu' vereis dat ander mense nie leed aangedoen moet word nie.
- Konflik word opgelos deur die voorvaders te raadpleeg.
- Stam-/Familieleiers kan ook geraadpleeg word om 'n oplossing te vind.

**LET WEL:** *Ander voorbeelde van verskillende godsdienste moet aanvaar word.* (16)

4.2 **Evangelistiese oorloë**
- In sulke oorloë besluit 'n staat dat mense in 'n naburige staat na die 'ware' godsdiens moet bekeer, of verowering en straf in die gesig staar.

**Veroweringsoorloë**
- Dit is soortgelyk aan evangelistiese oorloë. Militêre mag word as 'n weerspieëling van God se almag beskou.

**Selfverdedigingsoorloë**
- 'n Nasie het die reg om terug te veg teen aanvallers.

**Vergeldingsoorloë**
- Dit word gevoer om wraak te neem teen 'n onreg. Indien 'n sekere godsdiens 'n onreg aangedoen is, kan dit wraak neem. (12)

4.3 4.3.1
- Voorbeeld 1: Mianmar/Burma
- Voorbeeld 2: Nigerië (2)

4.3.2 Voorbeeld 1: Die partye wat by die konflik betrokke is, is Boeddhistiese ekstremiste en die Rohingya-Moslems.

Voorbeeld 2: Die partye wat by die konflik betrokke is, is die Nigeriese regering en die fundamentalistiese Moslemgroep, Boko Haram. (4)

4.3.3 **Voorbeeld 1: Mianmar/Burma**
- Die dominante godsdiens is Boeddhisme.
- Ander minderheidsgodsdienste sluit in Islam, die Christelike godsdiens en Hindoeïsme.
- Moslems het meer as 500 jaar gelede uit die hedendaagse Bangladesj na Mianmar gekom.
- Die regering van Mianmar weier om hulle as landsburgers te erken.
- Hulle word Rohingya-Moslems genoem.
- Hulle het nie wetlike status nie en geen identifikasiedokumente nie.
- Die regering pas openlik diskriminerende praktyke teen hulle toe, bv. gesinne mag 'n maksimum van twee kinders hê, Rohingya-Moslem-paartjies moet by die regering aansoek doen om te trou.

- Die regering van Mianmar is deur die VN daarvan beskuldig dat hulle die Boeddhiste bystaan in die konflik.
- Aanvalle deur Boeddhiste het duisende sonder heenkome gelaat.
- Die vervolging is op grond van godsdiens.
- Baie moskees en Moslembesighede is vernietig.
- Die regering van Bangladesj weier om vlugtelingstatus aan die Rohingya-Moslem te gee.

**Voorbeeld 2: Nigerië**

- Boko Haram beteken 'anti-Weste' (gekant teen Westerse kultuur).
- Hierdie fundamentalistiese groep se doelwit is om 'n Islamitiese staat in die noorde van Nigerië te stig.
- Die Nigeriese bevolking is amper om die helfte Moslems en Christene.
- Die Christene vrees dat hulle deur 'n Moslemregering regeer sal word.
- Die Moslems het dieselfde vrese.
- Sommige Moslemleiers het alle vertroue in die Nigeriese regering verloor.
- Hulle het die reg in eie hande geneem, dit wil sê hulle ondersteun Boko Haram.
- Nigerië het poreuse grense met sy buurlande.
- Die vegters kan dus na buurlande ontsnap wanneer die regering se magte hulle probeer volg.
- Korrupsie in die Nigeriese regering dra by tot die ondersteuning van Boko Haram.
- Landelike gemeenskappe word benadeel deur die onregverdige verdeling van die staat se hulpbronne.
- Sulke gemeenskappe word deur groepe soos Boko Haram ondersteun. [*Mail and Guardian, 5 April 2012, p24)*]

**LET WEL:** *Soortgelyke antwoorde oor ander konflikgebiede moet aanvaar word. Die kandidaat kan relevante voorbeelde uit enige aantal godsdienste gebruik.* (16)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou